

JOU GESIMULEERDE BEREKENING VAN SARS

Het jy 'n SMS van SARS ontvang wat jou belastingberekening aandui?

Hier is hoekom jy dit ontvang het: SARS het toegang tot baie bronne van inligting oor belastingpligtiges, insluitend inligting wat reeds op SARS se stelsel is. Gebaseer op hierdie inligting, kan SARS 'n belastingberekening maak en 'n uitslag bereik voordat jy 'n vinger hoef te lig. Hierdie uitslag sal aantoon of jy, indien jy 'n opgawe sou indien, 'n terugbetaling sal ontvang of geld aan SARS sal skuld. Die rede waarom jy dus hierdie jaar 'n belastingberekening ontvang het, is omdat jy verlede jaar 'n opgawe ingedien het terwyl jy nie 'n opgawe hoef in te dien het nie. Ons het hierdie belastingberekening ingestel om belastingpligtiges te help om onnodige besoeke aan ons takke gedurende belastingseisoen te vermy.

Wat moet jy doen?

Indien jou finansiële omstandighede nie verander het sedert Februarie 2018 nie, hoef jy nie 'n opgawe in te dien nie.

Sal SARS boetes ophef as ek nie 'n opgawe indien nie?

Nee. SARS sal geen administratiewe boetes ophef nie en jy sal geen uitstaande opgawes onder jou profiel hê nie, omdat die belastingpligtige wetlik nie vereis is om 'n opgawe in te dien nie.

Sal ek 'n terugbetaling ontvang indien ek op 'n terugbetaling geregtig is?

Ingevolge die wet, hoef SARS slegs terugbetalings groter as R100 uit te betaal.

Kan ek 'n opgawe indien as my omstandighede verander het sedert Februarie 2018?

Ja, jy kan. Hoewel, wees slim en gebruik die eFiling-kanaal of die SARS MobiApp om tustaan by ons takke te vermy. Klik hier vir meer inligting oor eFiling en die SARS MobiApp.

Hoekom betaal SARS nie bedrae onder R100 uit nie?

Daar is gewoonlik kostes verbonde aan terugbetalings, so ook die geval wanneer SARS verskuldigde belasting moet onvorder. Daarom is dit nie koste-effektief om 'n bedrag onder R100 terug te betaal of in te vorder nie. Dit beteken egter nie dat die belastingskuld verdwyn nie, dit sal steeds verskuldig bly of aan die belastingpligtige, en sal oorgedra word na of verrekening van toekomstige belastingskuld vir dieselfde belastingsoort of dit sal toegevoeg word tot enige terugbetaling wat meer as R100 is, wanneer van toepassing. Die bedrag van R100 terugbetaling word uiteengesit in artikel 191(3) van die Wet op Belastingadministrasie, 2011 en lees as volg: "'n Bedrag is nie terugbetaalbaar nie indien die bedrag minder is as R100 of enige ander bedrag wat die kommissaris by openbare kennisgewing bepaal, maar die bedrag moet oorgedra word in die belastingpligtigerekening."